BESTER GROENEWALD & PARTNERS

CORE
ASSOCIATED | AUDIT & ACCOUNTING
An association of independent professionals

# KAAPSE JAGTERS & WILDBEWARINGSVERENIGING

## GEOUDITEERDE FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2026

the future - now

bestergroenewald.co.za

KAAPSE JAGTERS & WILDBEWARINGSVERENIGING

FINANSIëLE JAARSTATE - 28 FEBRUARIE 2026

**BESIGHEIDSADRES**

WINKEL 15
GRAANENDAL SENTRUM
DURBANVILLE
7550

**POSADRES**

POSBUS 223
MOORREESBURG
7310

**OUDITEURE**

BESTER GROENEWALD & VENNOTE
POSBUS 331
MOORREESBURG
7310

**INHOUDSOPGAWE** — **BLADSY**


| | |
|---|---|
| Verslag van Onafhanklike Ouditeur | 2 - 4 |
| Staat van Finansiële Posisie | 5 |
| Staat van Omvattende Inkomste | 6 |
| Staat van Verandering in Ekwiteit | 7 |
| Staat van Kontantvloei | 8 |
| Aantekeninge tot die finansiële state | 9 - 14 |
| Gedetailleerde Staat van Omvattende Inkomste | 15 |


Ons keur die finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2026, wat op bladsye 5 tot 15 uiteengesit word, goed.

__________________
MNR Y HANWARE
(VOORSITTER)

25 MAART 2026

BESTER GROENEWALD & PARTNERS

T: +27 (0) 22 433 1890
info@bestergroenewald.co.za
bestergroenewald.co.za

43 Main Road
Moorreesburg
7310

PO Box 331
Moorreesburg
7310



**VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE**

AAN DIE UITVOERENDE KOMITEE VAN KAAPSE JAGTERS & WILDBEWARINGSVERENIGING

**Mening**

Ons het die finansiële state van Kaapse Jagters & Wildbewaringsvereniging, soos uiteengesit op bladsye 5 tot 15, geoudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die staat van finansiële stand soos op 28 Februarie 2026, en die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste, die staat van veranderings in ekwiteit en die staat van kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en die aantekeninge tot die finansiële state, insluitende 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid.

Na ons mening is die finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die finansiële stand van Kaapse Jagters & Wildbewaringsvereniging soos op 28 Februarie 2026, en van die instansie se finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig die algemene aanvaarde rekeningkundige praktyk en op die wyse deur die Wet op Organisasies Sonder Winsoogmerk vereis.

**Grondslag vir Mening**

Ons het ons oudit ooreenkomstig Internasionale ouditeringstandaarde uitgevoer. Ons verantwoordelikhede in terme van daardie standaarde word verder beskryf in die Ouditeur se Verantwoordelikhede vir die Oudit van die Afsonderlike Finansiële State afdeling van ons verslag. Ons is onafhanklik van die instansie in ooreenstemming met die 'Independent Regulatory Board for Auditors (IRBA) se Kode vir Professionele Gedrag vir Geregistreerde Ouditeure (IRBA-kode), tesame met die etiese vereistes wat van toepassing is op ons oudit van die finansiële state in Suid-Afrika. Ons het ons ander etiese verantwoordelikhede ooreenkomstig hierdie vereistes en die IRBA-kode vervul. Die IRBA-kode is konsekwent met die 'International Ethics Standards Board for Accountants Code of Ethics for Professional Accountants (Part A and B)'. Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied.

**Ander Inligting**

Die uitvoerende komitee is verantwoordelik vir die ander inligting.  Ander inligting sluit nie die finansiële state en ons ouditeursverslag daarop in nie.

Ons mening oor die finansiële state dek nie die ander inligting nie en ons spreek geen vorm van gerusstelling daaroor uit nie.

In verband met ons oudit van die finansiële state is dit ons verantwoordelikheid om die ander inligting te lees, en sodoende te oorweeg of die ander inligting wesenlik teenstrydig is met die finansiële state of kennis verkry gedurende die oudit, of andersins blyk om wesenlik wanvoorgestel te wees.  Indien ons, gebaseer op die werk wat ons uitgevoer het, tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n wesenlike wanvoorstelling van hierdie ander inligting is, word van ons vereis om daardie feit te rapporteer.  Ons het niks om in hierdie verband te rapporteer nie.

BESTER GROENEWALD & PARTNERS

T: +27 (0) 22 433 1890
info@bestergroenewald.co.za
bestergroenewald.co.za

43 Main Road
Moorreesburg
7310

PO Box 331
Moorreesburg
7310



AAN DIE UITVOERENDE KOMITEE VAN KAAPSE JAGTERS & WILDBEWARINGSVERENIGING

**Verantwoordelikhede van die Uitvoerende komitee vir die Finansiële State**

Die uitvoerende komitee is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van die finansiële state ooreenkomstig die vereistes van die Wet op Organisasies Sonder Winsoogmerk, en vir sodanige interne beheer as wat die beheerraad nodig ag vir die opstel van die finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling hetsy weens bedrog of foute.

As deel van die opstel van die finansiële state is die uitvoerende komitee daarvoor verantwoordelik om die instansie se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan te beoordeel, en soos toepaslik aangeleenthede wat verband hou met lopende saak en die gebruik van die lopende saak grondslag van verslagdoening te openbaar, tensy die uitvoerende komitee beplan om die instansie te likwideer of om bedrywighede te staak, of geen realistiese alternatief het as om so te maak nie.

**Ouditeur se Verantwoordelikhede vir die Oudit van die Finansiële State**

Ons doelwitte is om redelike gerusstelling te verkry oor of die finansiële state as 'n geheel vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, en om 'n ouditeursverslag uit te reik wat ons mening bevat. Redelike gerusstelling is 'n hoë vlak van gerusstelling, maar is nie 'n waarborg dat 'n oudit wat ooreenkomstig die ISA's uitgevoer was altyd 'n wesenlike wanvoorstelling sal opspoor wanneer dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan ontstaan as gevolg van bedrog of foute, en word individueel of in totaal wesenlik geag indien dit redelikerwys verwag kan word dat sodanige wanvoorstellings die ekonomiese besluite van gebruikers wat op grond van hierdie finansiële state geneem word, sal beïnvloed.

'n Verdere beskrywing van ons verantwoordelikhede ten opsigte van die oudit van die finansiële state is ingesluit in bylaag 1 tot hierdie ouditeursverslag. Hierdie beskrywing, wat op bl. 4 geleë is, vorm deel van ons ouditeursverslag.

**BYLAAG 1 TOT DIE VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE**

As deel van 'n oudit ooreenkomstig die ISA's, oefen ons professionele oordeel uit en handhaaf ons professionele skeptisisme dwarsdeur die oudit. Ons doen ook die volgende:

- Identifiseer en beoordeel die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute, ontwerp en voer prosedures uit na aanleiding van daardie risiko's, en verkry ouditbewyse wat voldoende en toepaslik is om 'n grondslag vir ons ouditmening te bied. Die risiko's van nie-opsporing van 'n wesenlike vanwoorstelling as gevolg van bedrog is groter as vir 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van foute, aangesien bedrog samespanning, vervalsing, doelbewuste weglatings, wanvoorstellings, of die omseiling van interne beheer kan behels.

- Verkry 'n begrip van interne beheer relevant tot die oudit ten einde ouditprosedures te ontwerp wat toepaslik is in die omstandighede, maar nie vir die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die instansie se interne beheer nie.

- Evalueer die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings en verwante openbaarmaking wat deur bestuur gemaak is.

BESTER GROENEWALD & PARTNERS

T: +27 (0) 22 433 1890
info@bestergroenewald.co.za
bestergroenewald.co.za

43 Main Road
Moorreesburg
7310

PO Box 331
Moorreesburg
7310



AAN DIE UITVOERENDE KOMITEE VAN KAAPSE JAGTERS & WILDBEWARINGSVERENIGING

**Ouditeur se Verantwoordelikhede vir die Oudit van die Finansiële State**

- Kom tot 'n gevolgtrekking oor die toepaslikheid van die uitvoerende komitee se gebruik van die lopende saak grondslag van verslagdoening en gebaseer op ouditbewyse verkry, kom tot 'n gevolgtrekking oor die bestaan van 'n wesenlike onsekerheid wat verband hou met gebeure of omstandighede wat beduidende twyfel kan laat bestaan oor die instansie se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan. Waar ons tot die gevolgtrekking kom dat 'n wesenlike onsekerheid bestaan, word daar van ons vereis om in ons ouditeursverslag aandag te vestig op die toepaslike openbaarmaking in die finansiële state, of indien sodanige openbaarmaking onvoldoende is, om ons mening te wysig. Ons gevolgtrekkings word gebaseer op ouditbewyse verkry tot en met die datum van ons ouditeursverslag. Toekomstige gebeure en omstandighede mag egter daartoe aanleiding gee dat die instansie ophou om as 'n lopende saak voort te bestaan.

- Evalueer die algehele voorstelling, struktuur en inhoud van die finansiële state, insluitende die openbaarmaking, en of die finansiële state die onderliggende transaksies en gebeure op só 'n manier weergee dat redelike voorstelling bereik word.

Ons kommunikeer met die uitvoerende komitee oor, onder andere, die beplande omvang en tydsberekening van die oudit en beduidende ouditbevindinge, insluitende enige beduidende tekortkominge in interne beheer wat ons tydens ons oudit identifiseer.

……………………………………………………..
**BESTER GROENEWALD & VENNOTE**
**25 MAART 2026**
**HOOFSTRAAT 43**
**MOORREESBURG**
**7310**

STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE OP 28 FEBRUARIE

| | Aantekeninge | 2026 | 2025 |
|---|---|---|---|
| | | R | R |
| **BATES** | | | |
| NIE-BEDRYFSBATES | | 1,504,594.87 | 1,607,493.67 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 4 | 29,025.77 | 48,711.55 |
| Beleggings | 6 | 800,558.94 | 1,000,558.94 |
| Ontasbare bates | 5 | 675,010.16 | 558,223.18 |
| BEDRYFSBATES | | 295,779.69 | 305,080.15 |
| Voorraad | 7 | 61,962.10 | 70,451.38 |
| Handels- en ander debiteure | 8 | 12,344.79 | 8,506.00 |
| Kontant en kontantekwivalente | 9 | 221,472.80 | 226,122.77 |
| TOTALE BATES | | 1,800,374.56 | 1,912,573.82 |
| **KAPITAAL EN AANSPREEKLIKHEDE** | | | |
| KAPITAAL EN RESERWES | | 1,512,088.03 | 1,236,939.59 |
| Onaangewende inkomste | | 1,503,239.80 | 1,174,329.46 |
| Fondse | 10 | 8,848.23 | 62,610.13 |
| BEDRYFSLASTE | | | |
| Handels- en ander krediteure | 11 | 288,286.53 | 675,634.23 |
| TOTALE KAPITAAL EN AANSPREEKLIKHEDE | | 1,800,374.56 | 1,912,573.82 |

STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE
VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE

| | Aantekeninge | 2026 | 2025 |
|---|---|---|---|
| | | R | R |
| INKOMSTE | | 1,754,058.72 | 1,796,870.33 |
| MIN: BEDRYFSUITGAWES | | (2,195,258.92) | (2,144,877.66) |
| BEDRYFSVERLIES | 2 | (441,200.20) | (348,007.33) |
| PLUS: NETTO ANDER INKOMSTE | | 431,349.91 | 451,593.15 |
| | | (9,850.29) | 103,585.82 |
| OORDRAG VAN/(NA) FONDSE | | 40,349.89 | 0.00 |
| NETTO (VERLIES)/WINS VOOR BELASTING | | 30,499.60 | 103,585.82 |
| MIN: BELASTING | 13 | 0.00 | 0.00 |
| NETTO (VERLIES)/WINS NA BELASTING | | 30,499.60 | 103,585.82 |

STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT
VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2026

| | Fondse | Onaangewende Inkomste | Totaal |
|---|---|---|---|
| **2026** | R | R | R |
| Saldo aan begin van jaar | 62,610.13 | 1,174,329.46 | 1,236,939.59 |
| Min : Netto verlies | 0.00 | 30,499.60 | 30,499.60 |
| Min : Afname in fondse | (53,761.90) | 0.00 | (53,761.90) |
| Plus : Afskryf van vorige jaar voorsienings | 0.00 | 298,410.74 | 298,410.74 |
| Saldo aan einde van jaar | 8,848.23 | 1,503,239.80 | 1,512,088.03 |
| | | | |
| **2025** | R | R | R |
| Saldo aan begin van jaar | 67,033.22 | 1,070,743.64 | 1,137,776.86 |
| Min : Netto inkomste | 0.00 | 103,585.82 | 103,585.82 |
| Min : Afname in fondse | (4,423.09) | 0.00 | (4,423.09) |
| Saldo aan einde van jaar | 62,610.13 | 1,174,329.46 | 1,236,939.59 |

STAAT VAN KONTANTVLOEI
VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE

| | Aantekening | 2026 | 2025 |
|---|---|---|---|
| | | R | R |
| KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE | | (207,298.81) | 337,070.94 |
| Kontant ontvang van klante | | 1,750,219.93 | 1,796,870.33 |
| Kontant betaal aan verskaffers en werknemers | | (2,038,833.69) | (1,556,739.53) |
| Kontant voortgebring deur/(aangewend in) bedrywighede | 12 | (288,613.76) | 240,130.80 |
| Rente ontvang | | 81,314.95 | 96,940.14 |
| KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE | | (42,000.00) | (186,097.17) |
| Afname in beleggings | | 200,000.00 | 0.00 |
| Toevoegings tot ontasbare bates | | (238,100.00) | (171,000.00) |
| Toevoegings tot eiendom, aanleg en toerusting | | (3,900.00) | (15,097.17) |
| KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE | | | |
| Toename/(afname) in fondse | | 244,648.84 | (4,423.09) |
| NETTO (AFNAME)/TOENAME IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE | | (4,649.97) | 146,550.68 |
| KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN BEGIN VAN DIE JAAR | | 226,122.77 | 79,572.09 |
| KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE AAN EINDE VAN DIE JAAR | 9 | 221,472.80 | 226,122.77 |

AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE
VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2026

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die finansiële state is volgens die historiese kostegrondslag opgestel en omvat die volgende rekeningkundige beleid wat deur die vereniging gebruik is en wat in ooreenstemming is met die vorige jaar.

Die state voldoen aan die standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk.

1.1 **Vaste bates**

Die koste van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting word as 'n bate erken wanneer:
- Dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele na die vereniging sal vloei; en
- Die koste van die item betroubaar gemeet kan word.

Eiendom, aanleg en toerusting word aanvanklik teen kosprys gemeet.

Koste sluit items in wat aanvanklik aangegaan is om 'n item van eiendom, aanleg en toerusting te verkry of te vervang, asook koste wat daarna aangegaan is iets om by te voeg, te vervang, te verbeter of te herstel. Indien vervangingskoste in die drabedrag van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting erken word, word die drabedrag van die vervangde gedeelte onterken.

Eiendom, aanleg en toerusting word teen kosprys min opgelope waardevermindering en enige waardedalingsverliese gedra.

Eiendom, aanleg en toerusting word oor hulle verwagte ekonomiese lewensduur op die reguitlyn metode gedepresieer sodat die drawaarde tot die verwagte reswaarde verminder kan word.

Bates word teen die volgende koerse afgeskryf :

| | |
|---|---|
| Elektroniese toerusting | 20% |
| Kantoortoerusting | 20% |
| Rekenaartoerusting | 33% |
| Reklame toerusting | 20% |
| Sagteware | 20% |
| Skilde en trofees | 20% |
| Sleepwaens | 20% |
| Tente | 17% |
| Toerusting | 20% |
| Vuurwapens | 33% |

Die reswaarde, waardeverminderingsmetode en die nuttige lewensduur van elke bate word jaarliks op elke verslagdoeningstydperk hersien. As die verwagting van vorige jaar se beraming verskil, word die verskil as 'n verandering in rekeningkundige raming verantwoord.

Die waardeverminderingskoste vir elke tydperk word in wins of verlies erken, tensy dit by die drabedrag van 'n ander bate ingesluit word.

Die wins of verlies wat voorkom uit die onterkenning van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting word by wins of verlies ingesluit. Die wins of verlies is die verskil tussen die netto verkoopopbrengs en die drabedrag van die item.

AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE
VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2026 (vervolg)

1.2 **Ontasbare bates**

'n Ontasbare bate is 'n identifiseerbare nie-monetêre bate sonder fisiese substansie.

Ontasbare bates word aanvanklik teen kosprys erken en daarna teen kosprys min opgehoopte amortisasie en opgehoopte waardedalingsverliese.
Navorsings- en ontwikkelingskoste word as 'n uitgawe erken in die tydperk wat aangegaan word.

Amortisasie word verskaf om die ontasbare bates, op 'n reguitlyn metode, soos volg af te skryf:

| | |
|---|---|
| Webtuiste | 10% |

In gevalle waar bestuur nie in staat is om 'n betroubare raming van die nuttige lewensduur van 'n ontasbare bate te maak nie, word sy beste skatting toegepas, beperk tot 10 jaar.
Die reswaarde, amortisasietydperk en amortisasiemetode vir ontasbare bates word herwaardeer wanneer daar 'n aanduiding is dat daar 'n verandering vanaf die vorige skatting is.

1.3 **Voorraad**

Voorraad word getoon teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde. Kosprys word op eerste-in-eerste uit grondslag bepaal. Hierdie waardasie is in ooreenstemming met vorige jare.

1.4 **Finansiële instrumente**

Die vereniging klassifiseer finansiële bates en finansiële laste in die volgende kategorieë:

- Debiteure
- Finansiële laste gemeet teen geamortiseerde koste

Klassifikasie hang van die doel af waarvoor die finansiële instrumente verkry is en vind plaas op aanvanklike erkenning. Klassifikasie word jaarliks hersien, behalwe vir afgeleide instrumente en finansiële bates wat teen billike waarde deur wins of verlies geklassifiseer word en nie deur die wins- of verlieskategorie uit die billike waarde geklassifiseer word nie.

**Aanvanklike erkenning en meting**

Finansiële instrumente word aanvanklik erken wanneer die vereniging 'n party tot die kontraktuele bepalings van die instrumente word.

Die vereniging klassifiseer finansiële instrumente, of hul komponente, tydens aanvanklike erkenning as 'n finansiële bate, 'n finansiële las of 'n ekwiteitsinstrument ooreenkomstig met die inhoud van die kontraktuele ooreenkoms.

**Latere meting**

Debiteure word teen geamortiseerde koste gemeet volgens die effektiewe rentekoersmetode, minus opgelope waardedalingsverliese.

Winste en verliese wat voortspruit uit die veranderinge in billike waarde, word in ander omvattende inkomste en opgehoopte ekwiteit erken totdat die bate verkoop word of daar vasgestel word dat die waarde gedaal het.

AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE
VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2026 (vervolg)

**Handels- en ander debiteure**

Handelsdebiteure word tydens aanvanklike erkenning teen billike waarde gemeet en daarna teen geamortiseerde koste volgens die effektiewe rentekoersmetode. Toepaslike toelaes vir beraamde oninbare bedrae word in wins of verlies erken wanneer daar objektiewe bewyse is dat die bate verswak het. Beduidende finansiële probleme van die debiteur, waarskynlikheid dat die debiteur bankrotskap of finansiële herorganisasie sal betree, en wanbetaling of misdadigheid in betalings (meer as 30 dae agterstallig) word beskou as 'n indikasie van oninbaarheid.

Die drabedrag van die bate word verminder deur die gebruik van 'n toelaagrekening en die bedrag van die verlies word erken in wins of verlies onder bedryfsuitgawes. Wanneer handelsdebiteure oninbaar is, word dit afgeskryf teen die toelaagrekening vir handelsdebiteure. Daaropvolgende terugbetalings van voorheen afgeskryf bedrae word gekrediteer teen ander uitgawes.

**Handels- en ander krediteure**

Handels- en ander krediteure word aanvanklik teen billike waarde gemeet, en word daarna teen geamortiseerde koste gemeet volgens die effektiewe rente koers metode.

**Kontant en kontantekwivalente**

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit kontant voorhande en deposito's en ander korttermyn-hoogs likiede beleggings wat maklik omskepbaar is tot 'n bekende bedrag kontant en onderhewig is aan 'n onbeduidende risiko van waardeveranderings. Dit word aanvanklik en daarna teen billike waarde aangeteken.

AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE
VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE (vervolg)

| | 2026 | 2025 |
|---|---|---|
| 2. BEDRYFSWINS | R | R |
| Netto bedryfswins word getoon na inagneming van die volgende items: | | |
| **Inkomstes** | | |
| Ledegelde ontvang | 1,754,058.72 | 1,820,770.33 |
| **Uitgawes** | | |
| Ouditeursvergoeding | 14,000.00 | 13,000.00 |
| Rekenmeestersgelde | 22,700.00 | 18,500.00 |
| Depresiasie | 23,585.78 | 25,487.03 |
| Amortisasie | 121,313.02 | 97,503.02 |
| 3. NETTO FINANSIERINGSINKOMSTE | | |
| Allan Gray Belegging | 81,314.95 | 96,940.14 |

4. EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

| **2026** | Kosprys | Opgehoopte waarde-vermindering | Drawaarde |
|---|---|---|---|
| | R | R | R |
| Elektroniese toerusting | 40,425.70 | 30,201.64 | 10,224.06 |
| Kantoortoerusting | 22,111.80 | 22,098.80 | 13.00 |
| Rekenaartoerusting | 89,559.31 | 84,786.01 | 4,773.30 |
| Reklame toerusting | 63,008.00 | 50,032.90 | 12,975.10 |
| Sagteware | 16,000.00 | 15,999.00 | 1.00 |
| Sleepwaens | 35,118.99 | 35,117.99 | 1.00 |
| Tente | 8,600.00 | 8,599.00 | 1.00 |
| Toerusting | 17,884.17 | 16,852.86 | 1,031.31 |
| Vuurwapens | 44,460.00 | 44,454.00 | 6.00 |
| | 337,167.97 | 308,142.20 | 29,025.77 |

| **2025** | Kosprys | Opgehoopte waarde-vermindering | Drawaarde |
|---|---|---|---|
| | R | R | R |
| Elektroniese toerusting | 40,425.70 | 25,707.90 | 14,717.80 |
| Kantoortoerusting | 22,111.80 | 21,921.16 | 190.64 |
| Rekenaartoerusting | 89,559.31 | 76,391.31 | 13,168.00 |
| Reklame toerusting | 59,108.00 | 40,161.30 | 18,946.70 |
| Sagteware | 16,000.00 | 15,999.00 | 1.00 |
| Sleepwaens | 35,118.99 | 35,117.99 | 1.00 |
| Tente | 8,600.00 | 8,599.00 | 1.00 |
| Toerusting | 17,884.17 | 16,204.76 | 1,679.41 |
| Vuurwapens | 44,460.00 | 44,454.00 | 6.00 |
| | 333,267.97 | 284,556.42 | 48,711.55 |

AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE
VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2026 (vervolg)

4. EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING (vervolg)

Die drawaarde van eiendom aanleg en toerusting kan as volg gerekonsilieer word:

| **Rekonsiliasie - 2026** | Drawaarde - begin | Aankope | Verkope | Depresiasie | Drawaarde - einde |
|---|---|---|---|---|---|
| Elektroniese toerusting | 14,717.80 | 0.00 | 0.00 | (4,493.74) | 10,224.06 |
| Kantoortoerusting | 190.64 | 0.00 | 0.00 | (177.64) | 13.00 |
| Rekenaartoerusting | 13,168.00 | 0.00 | 0.00 | (8,394.70) | 4,773.30 |
| Reklame toerusting | 18,946.70 | 3,900.00 | 0.00 | (9,871.60) | 12,975.10 |
| Sagteware | 1.00 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | 1.00 |
| Sleepwaens | 1.00 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | 1.00 |
| Tente | 1.00 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | 1.00 |
| Toerusting | 1,679.41 | 0.00 | 0.00 | (648.10) | 1,031.31 |
| Vuurwapens | 6.00 | 0.00 | 0.00 | 0.00 | 6.00 |
| | 48,711.55 | 3,900.00 | 0.00 | (23,585.78) | 29,025.77 |

5. ONTASBARE BATES

| **2026** | Kosprys | Opgehoopte amortisasie | Drawaarde |
|---|---|---|---|
| | R | R | R |
| Webtuiste en Hunters Portal | 1,213,130.18 | 538,120.02 | 675,010.16 |

| **2025** | Kosprys | Opgehoopte amortisasie | Drawaarde |
|---|---|---|---|
| | R | R | R |
| Webtuiste en Hunters Portal | 975,030.18 | 416,807.00 | 558,223.18 |

Die drawaarde van ontasbare bates kan as volg gerekonsilieer word:

| **Rekonsiliasie - 2026** | Drawaarde - begin | Aankope | Verkope | Amortisasie | Drawaarde - einde |
|---|---|---|---|---|---|
| Webtuiste en Hunters Portal | 558,223.18 | 238,100.00 | 0.00 | (121,313.02) | 675,010.16 |

| | 2026 | 2025 |
|---|---|---|
| 6. BELEGGINGS | R | R |
| **Beleggings** | | |
| Allan Gray Belegging | 800,558.94 | 1,000,558.94 |
| 7. VOORRAAD | | |
| Produkte | 61,962.10 | 70,451.38 |
| 8. HANDELS- EN ANDER DEBITEURE | | |
| Handelsdebiteure | (72,727.85) | (64,309.39) |
| Tel terug: Debiteure met kredietsaldo's | 85,072.64 | 72,815.39 |
| | 12,344.79 | 8,506.00 |

AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE
VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE (vervolg)

| | 2026 | 2025 |
|---|---|---|
| **9. KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE** | R | R |
| Nedbank lopende rekening | 19,265.62 | 23,409.79 |
| Nedbank spaar rekening | 200,811.05 | 200,895.69 |
| Kleinkas | 1,396.13 | 1,817.29 |
| | 221,472.80 | 226,122.77 |
| **10. FONDSE** | | |
| J Albertyn Junior Jagfonds | 0.00 | 40,349.89 |
| Kaapjag Bewaringsfonds | 8,848.23 | 11,446.24 |
| Parow Arms Big Bore Fonds | 0.00 | 10,814.00 |
| | 8,848.23 | 62,610.13 |
| **11. HANDELS- EN ANDER KREDITEURE** | | |
| Suid-Afrikaanse Inkomstediens - BTW | 170,265.89 | 141,791.58 |
| Krediteure | 32,948.00 | 73,703.66 |
| Debiteure met kredietsaldo's | 85,072.64 | 72,815.39 |
| Vooruitontvange inkomste | 0.00 | 387,323.60 |
| | 288,286.53 | 675,634.23 |
| **12. REKONSILIASIE VAN NETTO WINS/(VERLIES) VOOR BELASTING MET KONTANT VOORTGEBRING DEUR BEDRYWIGHEDE** | | |
| Netto wins/(verlies) voor belasting | 30,499.60 | 103,585.82 |
| Aansuiwerings vir : | | |
| Amortisasie | 121,313.02 | 97,503.02 |
| Depresiasie | 23,585.78 | 25,487.03 |
| Rente ontvang | (81,314.95) | (96,940.14) |
| Bewegings in bedryfskapitaal : | (382,697.21) | 110,495.07 |
| (Toename) / Afname in debiteure | (3,838.79) | (802.56) |
| (Toename) / Afname in voorraad | 8,489.28 | (10,924.76) |
| Toename / (Afname) in krediteure | (387,347.70) | 122,222.39 |
| | (288,613.76) | 240,130.80 |

13. BELASTING

Geen voorsiening vir Inkomstebelasting word gemaak nie aangesien die vereniging onder artikel 10(1)(cA)(i) vrygestel is van inkomstebelasting-aanspreeklikheid.

GEDETAILLEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE
VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE

| | Aantekeninge | 2026 | 2025 |
|---|---|---|---|
| | | R | R |
| INKOMSTE | | | |
| Ledegelde ontvang | | 1,754,058.72 | 1,820,770.33 |
| MIN : BEDRYFSUITGAWES | | 2,195,258.92 | 2,168,777.66 |
| Advertensies & Promosies | | 87,290.39 | 72,485.65 |
| Affiliasie fooie | | 826.09 | 826.09 |
| Algemene jaarvergadering | | 23,437.14 | 49,216.23 |
| Bankkoste | | 24,362.72 | 15,470.39 |
| Bestuursvergaderings | | 4,028.13 | 7,734.05 |
| Borgskappe en donasies | | 68,707.43 | 54,183.57 |
| CHASA sportskiet fooie | | 54,867.25 | 51,500.87 |
| CHASA vergadering bywoning | | 48,552.94 | 43,750.04 |
| Depresiasie en amortisasie | | 144,898.80 | 122,990.05 |
| Digitale tydskrif | | 28,800.00 | 34,380.00 |
| Elektrisiteit | | 18,260.90 | 16,304.37 |
| Huur betaal | | 207,160.34 | 191,841.41 |
| Internet | | 9,827.82 | 2,269.88 |
| Intertakskiet uitgawes | | 0.00 | 55,676.00 |
| Kantooruitgawes | | 6,463.41 | 16,959.23 |
| Kommissie betaal | | 53,300.00 | 23,900.00 |
| Medaljes en grafeerwerk | | 3,009.16 | 8,481.30 |
| Ouditeursvergoeding | | 14,000.00 | 13,000.00 |
| Posgeld | | 1,693.18 | 2,462.57 |
| Rekenmeestersgelde | | 22,700.00 | 18,500.00 |
| Reis en verblyfkoste | | 37,310.58 | 42,474.55 |
| Salarisse en lone | | 1,120,347.49 | 1,107,558.57 |
| Sekuriteit | | 4,724.36 | 4,493.02 |
| Skryfbehoeftes | | 10,028.55 | 10,292.50 |
| Slegte skulde | | 0.00 | 2,298.00 |
| Sosiale media bemarking | | 53,050.00 | 47,600.00 |
| Telefoon en kommunikasiekoste | | 35,024.32 | 37,744.19 |
| Versekering | | 17,322.08 | 17,996.83 |
| Webwerf ondersteuning | | 95,265.84 | 96,388.30 |
| NETTO BEDRYFSVERLIES | | (441,200.20) | (348,007.33) |
| MIN : ANDER INKOMSTE | | 431,349.91 | 451,593.15 |
| Aansluitingsfooie | | 37,109.37 | 29,690.87 |
| Advertensies | | 1,391.31 | 5,967.36 |
| Assuransie eise ontvang | | 0.00 | 12,150.00 |
| CHASA handleidings | | 38.44 | 0.00 |
| CHASA toegewyde jagters | | 100,471.75 | 78,174.51 |
| CHASA teikens | | 1,612.00 | 1,356.89 |
| Donasies | | 2,071.55 | 155.00 |
| Hunters Portal inkomste | | 135,496.74 | 157,770.65 |
| Huur ontvang | | 5,150.00 | 3,600.00 |
| Jaglisensie verkope | | 5,087.55 | 3,909.11 |
| Regalia verkope | | 3,583.63 | 6,848.63 |
| Rente ontvang | 3 | 81,314.95 | 96,940.14 |
| Sportskietfooie ontvang | | 58,022.62 | 55,029.99 |
| NETTO WINS/(VERLIES) VOOR OORDRAG NA RESERWES | | (9,850.29) | 103,585.82 |
| Oordrag van/(na) fondse | | 40,349.89 | 0.00 |
| NETTO WINS/(VERLIES) VIR DIE JAAR | | 30,499.60 | 103,585.82 |